DEEL 114 | WEEK 48 | 2 DESEMBER 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Bodorp het weer supermark

Na die plundery wat in 2018 die deure van die Usave-kruidenierswinkel in Phiritona permanent gesluit het, kon Heilbronners nie wag vir die nuwe Usave se deure om te open nie. Daar is baie bespiegel oor wanneer die winkel vir die publiek sou oopmaak, maar na 'n lang gewag is die winkel uiteindelik op 30 November vir die publiek geopen. Hierdie keer in Kerkstraat, Heilbron en met groot besparings op produkte. Heleen Namponya, woordvoerder van die winkel, het vertel dat daar ná die plundery, vier jaar gelede, besluit is om die ligging van die winkel te skuif. 'n Nuwe gebou is vir dié doel in die bodorp, langs die Absa-bank, opgerig. Die rede vir hierdie skuif, het sy aangevoer, is omdat die winkel nóú baie meer sentraal geleë is. Meer inwoners het nou ook toegang tot die winkel. Die gebied is ook veiliger en die bestuur hoop dat die kans dat die verlede homself gaan herhaal, nou skraler is. Die winkel bied nie net produkte teen bekostigbare pryse nie, maar inwoners kan nou ook geld by die kasiere trek. SASSA-geld en die regering se R350-verligtingstoelae kan ook daar ontvang word. Die winkel het ook 'n mobiele sopkombuis wat af en toe deur die dorp gaan beweeg om 'n warm bord kos aan haweloses uit te deel.
Namponya het ook genoem dat daar aanvanklik gehoop is dat die winkel sy deure vroeër vir die publiek sou open. Slegte weersomstandighede het egter die planne voor stok gekry. "Ons is steeds dankbaar dat ons vóór Kersfees in bedryf kan wees - net betyds vir Nuwejaar," het sy gesê.

## *Onsekerheid oor Spar se heropening*

Na vele leë rakke, swak diens en baie klagtes van die gemeenskap, het Spar se hoofkantoor uiteindelik ingegryp en die deure van die winkel tot verdere kennisgewing gesluit. Die aanvanklike plan was dat Spar weer teen 1 Desember sou open, maar weens onvoorsiene omstandighede, bly die deure voorlopig nog toe.
Daar word beweer dat ondersoek ingestel word in verband met die omstandighede waaronder die winkel bedryf is. Daar word glo ook gewag vir 'n moontlike koper om sy papierwerk te finaliseer.
Die groot vraag wat baie inwoners egter het, is waarom dit so lank geneem het om iets aan die situasie te doen? Teen druktyd het die winkel se hoofkantoor nog nie op navrae gereageer nie.
Alhoewel Spar aanvanklik in die media aangekondig het dat hul net vir 'n week toe sou wees, is daar tans geen duidelikheid oor wanneer sy deure weer sal open nie.
Dit blyk egter onwaarskynlik dat dit vóór Kersfees sal wees.


















# Uit die pen: Week 48 van 2022



’n Klomp vroue bymekaar is ’n aardige ding. Ja, ek is ook een, daarom mag ek dit sê. Klomp kletsende en soms kwetsende goeters bymekaar.

By die groot skool was daar seker vier onderwysers, dalk vyf. En dan net vrouens, van elke kleur, geur, kutuur en taal. En hulle "run a tight ship", soos die Duitsers sou sê.

Almal moes stiptelik om 07:05 in die personeelkamer wees. (As jy meer as drie keer ’n paar sekondes laat was, word jou naam iewers in ’n swart boek opgeskryf. Dink ek.) Wanneer die skoolhoof en die twee adjunkhoofde inkom, het almal, asof vanself, doodstil geword. Die afkondigings is gedoen terwyl, het ek later agtergekom, ’n kollega ’n e-pos vir almal tik waar die afkondigings op is. Dit word dan na die onderwysers gestuur en elkeen moet dit tydens die eerste 10 minute se registerklas afkondig.

Daar is ook ’n rooster vir toesig: dalk is iemand siek, of kom om welke rede nie vandag skool toe nie. Die vak, klasnommer en naam van die toesigpersoneellid verskyn op die projektorskerm. Af en toe was daar iemand wat nog ’n afkondiging wou byvoeg en dan kon jy ’n spreekbeurt kry. Maar net as dit regtig nodig was.

Ek het in my 20 maande daar sekerlik vyf afkondigings deur die interkomstelsel gehoor. Dit was bloot net nie nodig nie omdat almal klaar voorbereid was wanneer die dag begin.

Sou ’n leerder in jou klas op ’n sekere tyd deur die ouers gehaal word, kry die onderwyser, waar die leerder dan sal wees, reeds vroeg die oggend ’n e-pos om te sê dat Sannie van Wyk gehaal gaan word.

Soms kry jy net ’n dagboekinskrywing via Outlook vir ’n afspraak met die skoolhoof. En ja, mens voel nogsteeds bewebroekie wanneer só iets in jou inboks land, want jy weet glad nie waaroor dit sou wees nie.

Nog ’n aspek waaroor ek steeds verstom is, is dat leerders, tot in graad 12, nie omgee om die klas skoon te maak nie. Elke registerklas het rooster waar leerders tweeweekliks beurte maak om die klas uit te vee. Ja, jy het reg gelees. Wanneer die skoolklok lui om die einde van die skooldag aan te dui, storm twee kinders die klas binne en elkeen gryp ’n besem. Hulle vee die klas blinkskoon. Hulle stof die oppervlakke af en gaan gooi die snippermandjies in die groot asblik buite.

Ek was verstom!

Ek het ’n sak suigstokkies in my kas gehad. Ek het vir elke leerder wat bo 80% vir 'n toets gekry het, ’n suigstokkie gegee en hulle mag dit in die klas eet. Maar ek het ook gekyk na leerders wat beter presteer het as in die vorige toets: as jy met meer as 5% verbeter het, het jy ook ’n suigstokkie gekry. (Ek moes dit later grootmaat aankoop!)

Die leerders het ’n puntestelsel gehad waar oortredings aangeteken word. Iemand, wat iewers in ’n kantoortjie sit, het sekerlik die administrasie daarvan gedoen, want ek dink amper dit sou baie langer as vyf minute geneem het. Leerders is dan ooreenkomstig detensie opgelê, na aanleiding van die oortreding en die strafpunte teen hulle. Daar was ’n dissiplinêre hoof wat uiteindelik soortvan hofsittings gehad het indien die strafpunte te hoog was. Ek was nooit deel daarvan nie, en is heimlik verlig daaroor.

Leerders het ook positiewe punte gekry. Ek kan nie eers meer onthou waarvoor nie.

Dan was daar ’n teedrinksessie wat vir my absoluut wonderlik was. Glad nie enigsins gebasseer op positiewe punte nie, ook nie omdat ’n leerder goed gedoen het in ’n toets of ’n eksamen nie.

Onderwysers kon tweeweekliks leerders nomineer wat iets gedoen het wat merkwaardig was. En niemand het teen mekaar gekompeteer nie.

Iemand kon dalk, vir die eerste keer hierdie jaar, al haar boeke vir ’n week lank by die skool gehad het. ’n Leerder het dalk ’n ouer persoon gehelp toe dié by die skool aangekom het en nie geweet het waar om heen te gaan nie. Iemand het dalk ’n medeleerder se lewe makliker gemaak. Of iemand was net bedagsaam waar dit nie verwag was nie.

Wanneer die leerders genomineer is, bestudeer die skoolhoof die lys, tesame met die redes vir nominasie. Sy kies dan vier leerders wat een pouse saam met haar tee drink in haar kantoor. Hulle sit nie by die lessenaar nie, ook nie om ’n tafel nie, hulle sit op die grênd sitkamerstel wat in haar kantoor is.

Die ontvangsdame bedien dan vir hulle tee uit fyn teekoppies met blommetjie op. Dun porselein, soos dit ’n regte Engelse dame betaam. Hulle kan kies tussen gewone tee, rooibos en Earl Grey. Saam met die tee word koekies bedien.

Leerders kry dan geleentheid om informeel met die skoolhoof te kuier, en op hierdie manier kry die skoolhoof ook dan meer inligting oor wat by die skool aangaan. Aanvanklik is die kuier effens stram, maar hoe later, hoe lekkerder.

Die leerders gee ook natuurlik nie om wanneer die klok lui om die einde van pouse aan te kondig nie, want hulle is mos nou by die skoolhoof en kan sit solank hulle wil. Dis nou totdat die skoolhoof self besluit om die teepartytjie te verdaag.

Ons deel so baie keer straf uit. Ja, dit is ook nodig. Veral kinders moet weet waar hulle fouteer het en moet leer om die gevolge van hulle dade te dra. Ons prys baie keer diegene wat goed gedoen het, en wat moontlik hul hele lewe lank, tot dusver, presteer het. Maar dan kyk ons diegene mis wat so hard probeer om iets reg te doen.

Dalk is dit net die kopknik van waardering wat iemand nodig het om sy dag beter te maak. Of ’n e-pos of briefie wat sê: Ek het raakgesien wat jy gedoen het. Ek waardeer jou. Ek is bly dit gaan goed met jou.

Hoe lyk dit? Wil jy nie vandag vir iemand so ’n boodskap stuur nie? Jy sal hulle voete onder hulle uitslaan.

# JUKSKEIBAAN WORD INGEWY





*"Penne" en "lê's" was aan die orde van die dag toe die Huppel Trippelklub op Heilbron se nuwe jukseibaan vroeër die week geopen is. Die dag was gevul met pret en plesier en dit was duidelik dat daar nog baie dae om hierdie nuutjie saamgedrom gaan word.*

## Break the Silence on Sexual Offences

- ***Heilbron Clinic***

***You have the right to say no!***

No one has the right to force you into sexual activity, no matter what your relationship with the person is. No one forces you to have sex, or to commit other sexual acts without your concent. Remember - A sexual assault is NOT your fault.

***What is sexual offence?***

Sexual offences include:

- rape, which can be commited by a male or a female, while the victim may be a male or a female;
- sexual assault;
- compelling or causing persons 18 years or older to witness sexual offences, sexual acts or self-masturbation;
- exposure or display of child pornography to persons 18 years or older;
- engaging the sexual services of persons 18 years or older; and
- trafficking in persons for sexual purposes.

***Protect yourself and members of the community by:***

- observing your surroundings;
- being alert at traffic lights and stop streets;
- walking close to the pavement and facing the on-coming traffic;
- keeping to well-lit areas or close to other people;
- not taking a ride with a stranger;
- not offering a ride to a stranger; and
- carrying a whistle that you can blow if you need help.

***Who can I contact?***

Contact your local police station or phone:

SAPS Emergency Line 10111

SAPS Family Violence, Child Protection and Sexual Offences Unit, Head Office, Pretoria (FCS) (012) 393-2017 or (012) 393-2363.

- SAPS Crime Stop 08600 10111
- Woman Abuse Helpline 0800 150 150
- Childline 0800 055 555
- AIDS Helpline (24 hours) 0800 012 322 or Esselen Clinic (011) 725 6710



# HOPE FOR THE HOPELESS

*The Reatile Old Age And Disabilities Organisation, is a registered local organization commemorating people with disabilities. The organization also do strong and well-targeted awareness raising campaigns which are needed to change the way the community sees persons with disabilities. On 25 November the organization held an informative event to the public. The aim of the event was to focus on inequalities people with disabilities faces. Various speakers addressed the public at the event.*

*An awareness walk also took place before the start of the event. "This is going to be an annual event in helping our communities to appreciate and helping people with disabilities to reach their potential," Thabang Buang, event organizer said.*

*The Reatile Old Age And Disabilities Organisation would also like to make use of the opportunity to thank local businesses who contributed, monetary or non monetary, to the success of the event.*



*On the photo from the left: Papa Serathi (Ward Councilor), Dr Tate Makgoe (MEC of Education) and Thabang Buang (Event organize).*

# PHIRITONA RESIDENTS HAD ENOUGH



Residents of Phiritona have had enough of the disgraceful conditions regarding the township's streets.

A few members of the community took matters into their own hands and started to fix the roads themselves. Matseka Caswell Sethabela, who started the initiative with his friends, said that they are filling the potholes to assist the community and municipality. The group has already started to fix the roadat the corner of Lenone and Kuape, near the Sediba-Thuto High School. Sethabela asked the community to assist them by donating shovels, gravel, cement, concrete, food, or any other tools they can use regarding this project.






# KERSFEESGEES IN STRATE VANAAND

Hierdie is 'n waarskuwing aan alle Heilbronners gerig: Die jeug van die AGS-kerk verf vanaand die strate rooi - krismisrooi.

Kersvader en -moeder is op spesiale besoek vanuit die Noordpool, maar aangesien ons strate vol slaggate in plaas van sneeu is, het hy sy takbokke en slee op 'n trekker en sleepwa ingeruil.

Die geselskap hoop om die dorp met opgeruimde kerssang en 'n lekkergoedpakkie te bederf.

Hulle is van plan om vanaand van 17:30 tot 19:00 deur die dorp te ry en kinders word aangemoedig om 'n bederfpakkie te gaan haal indien hul die vrolikheid gewaar.

Die AGS-Kerk nooi ook die gemeenskap uit na hul Kerssang- en Nagmaaldiens wat Sondagoggend om 10:00 vanuit hul kerkgebou plaasvind.

Almal is hartlik welkom.


| POSITION TITLE | Junior Payroll Clerk, Pakworks (Pty) Ltd |
|---|---|
| MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS | Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies. The position will report to the Human Resource Manager and will be accountable for all tasks within Payroll department, processing of payroll and all tasks related to payroll processing. |
| LOCATION | The position will be based in Heilbron, South Africa. |
| REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING | Grade 12<br>Certificate in Sage VIP Payroll<br>Advanced computer literacy – MS Office |
| REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE | 2 years' payroll experience |
| KEY PERFORMANCE AREAS | ▪ Processing of accurate payroll input.<br>▪ Assisting HR and Management with specialised payroll calculation and explanations.<br>▪ Payroll queries.<br>▪ Filing and ad-hoc duties. |
| COMPETENCIES | ▪ Microsoft Office.<br>▪ Strong Excel Skills essential.<br>▪ VIP Payroll essential.<br>▪ Numerical acumen. |
| BEHAVIOURAL COMPETENCIES | ▪ People skills.<br>▪ Accuracy and Attention to detail.<br>▪ Maximising performances.<br>▪ Result driven.<br>▪ Ability to work independently and as part of a team.<br>▪ Live the Company's values. |

**Closing date: 6 January 2023.**

**Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Greyling**
**Tel: 058 852 3068 E-Mail: riana@pakworks.co.za**

# BRONNIES SE LEIERS VAN MÔRE



*Die Hoërskool Heilbron se Bestuurskomiee (BK) van 2023 het onlangs die ATKV se leierssimposium by Buffelspoort bygewoon. Die leerders het dit vreeslik geniet en is nou toegerus en gemotiveerd om as ware leiers vir die komende jaar op te tree.*

# KLEUTERKASTEEL HOU OPEDAG

*Die Kleuterkasteel op Heilbron het op 17 November 'n opedag aan voornemende maatjies gehou. Elke pienkvoet is ook met 'n pakkie lekkernye bederf. Terwyl die kinders oor die terrein kon woel, het die skoolhoof, mev. Bokkie Myburgh, die ouers toegespreek. Sy het onder meer aan hulle vertel watter avonture alles deel van die Kleuterkasteel uitmaak en hoe kinders by al die skool se bedrywighede baat.*





***BESOEKER SORG VIR GROOT PRET:*** *Kersvader het verlede week ŉ vinnige besoek by die Kriewelkampus Kleuterskool in Petrus Steyn afgelê. Die maatjies wou uit hul nate bars van opgewondenheid en elkeen kon 'n beurt kry om saam met Kersvader 'n foto te neem.*




# REITZ-LEERDERS SKITTER

***KOLSKOOT:*** *Leerders van die Hoërskool Reitz het geskitter tydens die onlangse SA Jagters Riemland-prysuitdeling.*

(GPS:S27°28.663, E27°54.841)

**KOM VIER SAAM GELOFTEFEES TE VEGKOP SLAGVELDTERREIN**

**VRYDAG, 16 DESEMBER 2022**

**Program**

**09:00** Verwelkoming & Openingseremonie (Vlagparade Heilbron Voortrekkers)

**Voorlees van Gelofte (Staande)**

**Skrifoordenking:** Ds. Hans van Vuuren
NG Kerk Suid Heilbron
Lees: Psalm 37
**Tema: "Soek die koninkryk van God terwyl jy op hom wag"**



**Kranslegging:** Annette Myburgh

**Huldeblyk:** Hannes Myburgh

**Sang:** Lied van Jong Suid-Afrika

**Teepouse:** (+- 20 min.) Koffie/Tee gratis - Feeskomitee
Koeldranke te koop - Voortrekkers

**Feesrede:** Mnr Andries Opperman
Senior dosent: Ekonomie AP Akademie
**Tema:** Vegkop en Bloedrivier leer ons:
**"Kom trek weer laer"**

**Verkiesing:** Nuwe Feeskomiteelede

**Bedankings:**

**Afsluiting:** Stem van Suid-Afrika

**Heerlike koue etes beskikbaar @ R110 per bord (Eetgerei ingesluit).**
**Bestel by Dawn Wessels Sel: 082 487 1162.**
**Bestelling sluit Maandag, 14 Desember 2022.**

**Geloftefees navrae:** Jasper van der Bijl - Sel: 082 453 7357
**Kampering:** Bespreek by Corné van der Merwe Sel: 083 306 0357



# KENNISGEWINGS

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION

In the Magistrates court for the district of Heilbron, held at Heilbron.
**CASE NUMBER: 100/2022**
**In the matter between:**
**SORGHO (PTY) LTD**
*Execution Creditor*
and
**LEO SUPERMARKET**
*Execution Debtor*
Pursuant to a judgment granted by the Magistrate Court Heilbron the undermentioned goods will be sold for cash on Monday, 12th of December 2022 at 13:15 by auction to be held by the Sheriff Heilbron at Magistrate Court, Els Street, Heilbron to the highest bidder for cash namely:
**1. STOCK IN TRADE ENERGY DRINKS.**
**2. STOCK IN TRADE COLD DRINKS ASS.**
**3. STOCK IN TRADE BARS OF SOAP.**
**4. STOCK IN TRADE WASHING POWDER.**
**5. STOCK IN TRADE DISHWASHER LIQUID.**
**1 X AMPLIFIER SPEAKER.**
Dated at Heilbron on this 7 November 2022.
**PVW INC. ATTORNEYS**
**ATTORNEYS FOR THE EXECUTION CREDITOR**
**INSURANCE HOUSE**
**BOND STREET BUSINESS PARK**
**679 BOND STREET**
**FERNDALE**
**RANDBURG**
**TEL: 011 521 1444**
**EMAIL: joleen.sekhu@pvwinc.co.za**
**REF: MAT816**
**C/O ESTHE MULLER INC.**
**47 ELS STREET**
**HEILBRON, 9650**

## NOTICE

Notice to creditors in terms of Section 29(1) of the administration of estates Act 66 of 1965.
**ESTATE LATE**
**JACOBUS DANIËL VENTER**
**ID NR. 550725 5050 089**
**Last address:** Plot 495, Koppies, Free State, 9540
**Date of death:** 18 October 2022
**ESTATE NR. 9939/2022 (BLOEMFONTEIN)**
Creditors and debtors in the above estate are hereby called upon to submit their claims and to pay their debts within 30 (Thirty) days as from date of publication hereof.
**AUTHORISED AGENT**
**V VENTER**
**PLOT 495, KOPPIES**
**FREE STATE, 9540**
**E-MAIL: KANTRIWOEMIN@gmail.com**
**TEL: 072 284 4212**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

**Boedel van wyle STANDFORD NTJA MELATO**
In die boedel van wyle **STANDFORD NTJA MELATO,** Nommer 006934/2022, Identiteitsnommer 610728 5811 086 wat gewoonlik woonagtig was te 1492 Phiritona, Heilbron en wat te Heilbron op 13 Julie 2021 gesterf het.
Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 23ste dag van November 2022.
**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: MEL1/0001/JHJ/cm**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

**Boedel van wyle EMILY MOTAUNG**
In die boedel van wyle **EMILY MOTAUNG,** Nommer 007347/2022, Identiteitsnommer 290606 0258 08 0 wat gewoonlik woonagtig was te 358 Phiritona, Heilbron en wat te Heilbron op 15 Desember 2021 gesterf het.
Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 23ste dag van November 2022.
**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: MOT89/0001/0001/JHJ/cm**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die boedel van wyle **JOHANNES PHILIPPUS NAUDE,**
Identiteitsnommer: 440611 5012 08 5 in lewe 'n Pensioenaris woonagtig te Uniefeesstraat 6, Reitz, 9810, ongetroud.
**DATUM VAN AFSTERWE: 4 DESEMBER 2020**
**BOEDELNOMMER: 006140/2021**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**


**Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 15de Desember 2022 en heropen DV 9 Januarie 2023. Die winkel sluit die 20ste Desember 2022 en heropen DV 5 Januarie 2023.**
Herald Office National









**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
Hendie Lötter
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za






**Indien u in ons spesiale Kersuitgawe van 15 Desember wil adverteer kontak**
Hendie Lötter
by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za



BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R






**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!





**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R





# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159



WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
Herald Office National
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**


# TE HUUR


HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# EINDSTRYDE IN REËNWEER BESLIS

Dit was 'n stryd tussen mens en natuur om uitslag te bepaal in vanjaar se putjiespelkampioenskappe. In die enkelseindstryde het die jeug teen ervaring te staan gekom. RJ Muller en Johan Weilbach het 'n kop aan kop stryd gehad tot op die laaste putjie waar Weilbach se ervaring vir hom die deurslag gegee het. In die dubbelseindstryde het Gerrie Muller en Eben Stander teen RJ Muller en Sagaria Moholo te staan gekom. Die reënbuie wat kort-kort uitgesak het, maak toestande nog moeiliker maar die kombinasie van Muller en Stander hou kop en op die laaste putjie wen hulle om as van jaar se dubbelputjiespelkampioene gekroon te word.

Die res van die spelers het nie kans gesien vir die ongure speeltoestande nie en voltooi slegs nege putjies. Jan Mbongo vaar die beste met 39 punte. Ruan Minnie was tweede met 35 punte en Gerrie Muller eindig derde op 34 punte.

Hierdie naweek is die HBA-maandbeker op die spel en spelers kan vanaf 11:00 inskryf om 11:30 af te slaan. Die jaarlikse President- en Kapteinbeker gaan volgende naweek plaasvind. Skryf solank vir dié dag in.





*Foto bo: Johan Weilbach - Enkelputjiespelkampioen*
*Foto regs: Eben Stander en Gerrie Muller - Dubbelputjiespelkampioen*




# KLUBKAMPIOENSKAPPE KOOK OP ROLBALBAAN

Die afgelope naweek was die rolbalklub weer bedrywig met die klub se enkels-kampioenskappe wat gespeel is.

Dit was lekker om twintig spelers op die baan te sien: 12 mans en agt dames. Dit was seker die eerste keer in baie jare dat die klubkampioenskappe so goed ondersteun is.

Tydens die uitspeelwedstryde was dit goed om sien hoe die beginnerspelers dit geniet om teen die meer ervare spelers meë te ding. Soos wat wedstryde gevorder het, was dit duidelik dat die kampioenskap besig is om op 'n klimaks af te stuur. Die beginnerspelers, Edward Muller, Johnnie Fourie en Willie Pretorius, was ernstig en wou nie vir die ervare spelers terugstaan nie.

Tydens die uitspeelwedstryde vir derde en vierde plek was dit goeie rolbal deur die twee beginnerspelers met Fourie wat uiteindelik derde eindig en Pretorius in die vierde plek.

Toe die twee dames, Tracy Jacobs en Ellie van Coller, vir die damesfinaal aantree, met Rudi Jacobs en Muller as die twee mansspelers, was die spanning merkbaar - selfs vir die toeskouers.

In die geval van beide die eindstryde, was die volgende engelse spreekwoord baie toepaslik: "The job isn't finished until the paper work is done," want 'n wedstryd is eers gewen as die laaste bal tot stilstand kom. Dit was presies hoe altwee die eindstryde geëindig het.

Met goeie rolbal deur beide dames, het Jacobs uiteindelik as wenner geëindig met slegs twee punte verskil tussen haar en Van Coller as naaswenner.

Die manseindstryd tussen Muller en Jacobs was nie minder spannend nie. Hier was die laaste bal van die wedstryd ook deurslaggewend, met Muller wat breëbors as wenner eindig.

Hierdie naweek het net weer bewys dat klubkampioenskappe belangrik is vir 'n gesonde sportmangees in klubs. Ongelukkig is dit ook só dat hierdie wedstryde soms baie afgeskeep word deur rolbalklubs.



*Tracy Jacobs en Edward Muller*



*Ellie van Coller en Tracy Jacobs*



*Willie Pretorius en Johnnie Fourie*



*Rudi Jacobs en Edward Muller*







